



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

NOVEMBER 2016

MEMORANDUM

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 20 bladsye wat drie rubrieke insluit.

ALGEMEEN

1. Gebruik die rubrieke soos volg:

BYLAE A:	VRAAG 1	OPSTEL
BYLAE B:	VRAAG 2.1	BRIEF AAN DIE PERS
	VRAAG 2.2	HULDEBLYK
	VRAAG 2.3	KOERANTBERIG
	VRAAG 2.4	DIALOOG
BYLAE C:	VRAAG 3.1	PLAKKAAT
	VRAAG 3.2	DAGBOEKINSKRYWINGS
	VRAAG 3.3	INSTRUKSIES

2. Bestudeer en bespreek die rubrieke baie deeglik. Let veral daarop dat beplanning, formaat, redigering en struktuur by die rubrieke ingesluit is.

3. As 'n onderwerp misgetas is, word die leerder se antwoordeboek na die senior nasiener verwys. Die leerder moet volgens die rubrieke baie laag op inhoud aangeslaan word.

Indien daar twyfel oor 'n onderskeidingskandidaat se skryfstuk(ke) bestaan, moet dit eweneens met die senior nasiener bespreek word.

4. Indien 'n skryfstuk **grootliks uit die vraestel saamgeflans** word of dele van opdragte uit die vraestel net so oorgeskryf word, ontvang die leerder **geen punte nie**. Kommentaar sal wees: **Nie eie werk nie/Saamgeflans**.

5. Indien dele van die skryfstuk wel die leerder se eie werk is, assesseer hierdie dele volgens die laagste kode.

6. Die nasiener moet die voorgeskrewe nasiensimbole (bl. 3) gebruik by die nasien van 'n skryfstuk. Om net strepe te trek is **ONAAANVAARBAAR**.

7. Kandidate word nie gepeenaliseer indien hulle minder as die minimum of meer woorde gebruik nie.

8. **Visuele tekste: VRAAG 1.6.1–1.6.3**

- Die titel en die visuele prikkel behoort by mekaar aan te sluit.
- Indien die titel nie by die visuele prikkel pas nie, maar die inhoud spreek steeds die visuele prikkel aan, word die titel geïgnoreer.
- Die onderwerpe kan verhalend, beskrywend, bespiegeland, beredeneerd of argumenterend wees. Die prente dien slegs as prikkels.

SIMBOLE/TEKENS BY DIE NASIEN

Die volgende simbole/tekens behoort deur alle provinsies gebruik te word:

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	() →	Hakies en pyltjie
Spelfout	=	Twee kort strepies onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Taalfoute	—	Enkelstreep onder die taalfout
Paragraafindeling	//	Dubbele skuinsstreep
Paragraaf is een lang, lomp sin	[Begin van 'n nuwe sin
Woorde uit ander tale/nie-funksionele/vreemde woorde - Standaardafrikaans bly die norm. - Gebruiksafrikaans moet vermy word. - Aanvaar terminologie waarvoor Afrikaans nog nie ekwivalente het nie.	X	Trek 'n X bo die verkeerde woord.
Erkenning van taaljuweeltjies	✓ (bo die woord)	Regmerkies bo goeie taalgebruik, idees of uitdrukkings
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/Onverstaanbaar	∫ (in die kantlyn)	Kronkelstreep
Saamgeflans uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Punktuasie	O	Omkring

NEERSKRYF VAN PUNTE

1. Gebruik die korrekte rubriek vir elke tipe skryfstuk.
2. Assesseer die leerder se skryfstukke na aanleiding van die **vyf HOOFVLAKOMSKRYWINGS** volgens:

AFDELING A: **INHOUD en BEPLANNING** (30 punte), **TAAL, STYL en REDIGERING** (15 punte) en **STRUKTUUR** (5 punte)

AFDELING B: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (18 punte) en **TAAL, STYL en REDIGERING** (12 punte)

AFDELING C: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (12 punte) en **TAAL, STYL en REDIGERING** (8 punte)

3.
 - Bepaal heel eerste in watter hoofvlakomskrywing die skryfstuk val, byvoorbeeld KNAP.
 - Bepaal vervolgens of die skryfstuk in die hoë- of laevlaksubkategorie val, byvoorbeeld KNAP Hoë vlak.
 - Assesseer dan watter punt die skryfstuk verdien. Skryf slegs een punt neer, byvoorbeeld uit die kategorie (22–24) kies en skryf die nasiener 22 uit 30 vir Inhoud en Beplanning.
 - Dieselfde werkswyse word by Taal, Styl en Redigering gevolg.
4. Hou die **punttoekenning** by die vlakomskrywings in gedagte. Dis 'n hulpmiddel.
5. Let daarop dat AFDELING B en C nie onderskei tussen hoë en lae vlakke nie.
6. Skryf die punte soos volg neer:

AFDELING A	Kode	Punt
I/B	Knap +	22
T/S/R	Uitsonderlik -	13
S	Knap	4
TOTAAL:		39

AFDELING B	Kode	Punt
I/B/F	Gemiddeld	10
T/S/R	Elementêr	5
TOTAAL:		15

TAALVAARDIGHEID: SKRYF EN AANBIED

Hierdie memorandum moet saam met die aangehegte Afrikaans EAT-assesseringsrubrieke vir AFDELING A, B en C gebruik word.

LET WEL: Leerders word nie addisioneel geopenaliseer vir afwykings nie, want die rubrieke maak daarvoor voorsiening.

AFDELING A: OPSTEL

1.1 Daardie dag sal ek nooit vergeet nie.

- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied, byvoorbeeld verhalend/beskrywend/bespiegeland.
- 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.
- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
 - **Verhalende opstel:** Hier kan die leerder bv. op 'n interessante wyse van 'n dag/dae wat hy/sy nooit sal vergeet nie, vertel.
 - **Beskrywende opstel:** Hier kan die leerder bv. op 'n lewendige wyse die dag/dae wat hy/sy nooit sal vergeet nie, beskryf.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

[50]

1.2 Wintertyd ...

- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied, bv. beskrywend/verhalend/bespiegelend/beredeneerd/argumenterend.
- 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.
- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
 - **Beskrywende opstel:** Hier kan die leerder bv. op 'n lewendige wyse wintertyd beskryf.
 - **Verhalende opstel:** Hier kan die leerder bv. op 'n interessante wyse van 'n spesifieke winter of wintersdag in sy/haar lewe vertel (m.a.w. letterlik). Die verhaal mag ook figuurlik wees, bv. 'n wintertyd in sy/haar lewe.
 - **Bespiegelende opstel:** Hier kan die leerder bv. oor wintertyd in 'n mens se lewe bespiegel. Die leerder sal die wintertyd oorweeg/deurdink. (Die leerder kan wintertyd letterlik of figuurlik interpreteer.)
 - **Beredeneerde opstel:** Hier kan die leerder bv. in 'n gebalanseerde opstel redeneer oor enige aspek in verband met wintertyd, bv. is wintertyd regtig die beste tyd van die jaar? Is daar te veel/te min wintertyd? Die leerder kan 'n gevolgtrekking insluit. (Die leerder kan wintertyd letterlik of figuurlik interpreteer.)
 - **Argumenterende opstel:** Hier neem die leerders van die begin af standpunt in bv. waarom wintertyd die beste tyd is/daar te min of te veel wintertyd is, ens. Die standpunt word gemotiveer. (Die leerder kan wintertyd letterlik of figuurlik interpreteer.)
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. [50]

1.3 Die laaste skoolklok van my graad 12-jaar het gelui. Wat nou?

- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied, byvoorbeeld bespiegelend/verhalend/beskrywend/beredeneerd/argumenterend.
- 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.
- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
 - **Bespiegelende opstel:** Hier kan die leerder bv. oor die toekoms nadat die laaste skoolklok gelui het, bespiegel. Die leerder sal die situasie wat hy/sy skep, oorweeg/deurdink.
 - **Verhalende opstel:** Hier kan die leerder bv. op 'n interessante wyse vertel wat (sal) gebeur nadat die laaste skoolklok lui.
 - **Beskrywende opstel:** Hier kan die leerder bv. op 'n lewendige wyse die gebeure nadat/toe die laaste skoolklok gelui het, beskryf. Die beskrywing sal aansluit by die emosies of gevoelens gewek deur die ervaring dat die laaste skoolklok lui/gelui het.
 - **Beredeneerde opstel:** Hier kan die leerder bv. in 'n gebalanseerde opstel redeneer of die skool werklik leerders voorberei het vir die volwasse lewe of nie. Standpunt(e) word gemotiveer en 'n gevolgtrekking kan in die opstel ingesluit word.
 - **Argumenterende opstel:** Hier neem die leerder van die begin standpunt in dat die skool hom/haar voorberei het/nie voorberei het nie vir die toekoms. Die standpunt word deurgaans in die opstel gemotiveer.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. [50]

1.4 Is dit goed om risiko's te neem?

- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied, byvoorbeeld beredeneerd/argumenterend/verhalend/beskrywend/ bespiegelend.
- 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.
- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
 - **Beredeneerde opstel:** Hier moet die leerder in 'n gebalanseerde opstel redeneer in watter opsig(te) dit goed is om risiko's te neem of nie. Die leerder moet die standpunt(e) motiveer en mag 'n gevolgtrekking insluit.
 - **Argumenterende opstel:** Hier neem die leerder van die begin af standpunt in dat dit goed is om risiko's te neem of nie te neem nie. Die standpunt word deurgaans in die opstel gemotiveer.
 - **Verhalende opstel:** Hier kan die leerder bv. op 'n interessante wyse vertel van 'n insident as bewys dat dit goed is om risiko's te neem of nie te neem nie.
 - **Beskrywende opstel:** Hier kan die leerder bv. op 'n lewendige wyse beskryf hoe/waarom dit goed is om risiko's te neem of nie.
 - **Bespiegelende opstel:** Hier kan die leerder bv. bespiegel/wonder of dit goed is dat 'n mens risiko's neem of nie neem nie.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

[50]

1.5 Musiek is 'n taal wat almal verstaan.

- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied, byvoorbeeld argumenterend/beredeneerd/bespiegelend/verhalend/beskrywend.
- 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.
- Hierdie onderwerp leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
 - **Argumenterende opstel:** Hier neem die leerder reg van die begin af die standpunt in, naamlik dat musiek 'n taal is wat almal verstaan/nie 'n taal is wat almal verstaan nie en motiveer die standpunt.
 - **Beredeneerde opstel:** Hier moet die leerder in 'n gebalanseerde opstel redeneer of musiek 'n taal is wat almal verstaan of nie. Die leerder mag uiteindelik 'n gevolgtrekking insluit.
 - **Bespiegelende opstel:** Hier kan die leerder bv. bespiegel/wonder of musiek 'n taal is wat almal verstaan of nie.
 - **Verhalende opstel:** Hier kan die leerder bv. op 'n interessante wyse vertel waarom musiek 'n taal is wat almal verstaan.
 - **Beskrywende opstel:** Hier kan die leerder bv. op 'n lewendige wyse beskryf in watter 'n mate musiek 'n taal is wat almal verstaan.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

[50]

1.6 VISUELE PRIKKELS

- Die inhoud van die opstel moet by die visuele prikkel pas. Die nasiener moet onthou dat hierdie visuele prikkels oop is vir 'n verskeidenheid interpretasies. Die leerder se perspektief moet by assessering oorweeg word.
- Die vrae is só geformuleer en die prente só gekies dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp/prent van die leerder verwag word.
- 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

1.6.1 Prentjie: Boelie

- Die leerder kan enige soort opstel aanbied:
 - **Verhalende opstel:** Hier kan die leerder bv. van 'n spesifieke boelie-insident in sy/haar lewe vertel. Die verhaal mag ook die prent figuurlik interpreteer.
Letterlike interpretasie: Boelie, aanranding, misdaad, fisiese mishandeling, verbale mishandeling, ens.
Figuurlike interpretasie: Emosionele seer, vernedering, letsels, ens.
 - **Beskrywende opstel:** Hier kan die leerder bv. boelies/n boelie-ervaring beskryf.
Letterlike interpretasie: Boelie, aanranding, misdaad, fisiese mishandeling, verbale mishandeling, ens.
Figuurlike interpretasie: Emosionele seer, vernedering, letsels, ens.
 - **Bespiegelende opstel:** Hier kan die leerder bv. oor die kwessie van afknouery in die lewe bespiegel. Die leerder sal die kwessie oorweeg/deurdink.
Letterlike interpretasie: Boelie, aanranding, misdaad, fisiese mishandeling, verbale mishandeling, ens.
Figuurlike interpretasie: Emosionele seer, vernedering, letsels, ens.
 - **Beredeneerde opstel:** Hier kan die leerder bv. in 'n gebalanseerde opstel redeneer oor enige aspek in verband met boelies, bv. Hoekom sekere mense boelies is?
Letterlike interpretasie: Boelie, aanranding, misdaad, fisiese mishandeling, verbale mishandeling, ens.
Figuurlike interpretasie: Emosionele seer, vernedering, letsels, ens.
 - **Argumenterende opstel:** Hier neem die leerders van die begin af standpunt in teen of ten gunste van bv. boelies/afknouery.
Letterlike interpretasie: Boelie, aanranding, misdaad, fisiese mishandeling, verbale mishandeling, ens.
Figuurlike interpretasie: Emosionele seer, vernedering, letsels, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

[50]

1.6.2 Prentjie: Sleutel

- Die leerder kan enige soort opstel aanbied:
 - **Verhalende opstel:** Hier kan die leerder bv. op 'n interessante wyse van 'n spesifieke sleutel-insident in sy/haar lewe vertel.
Letterlike interpretasie: Sleutels wat slotte oopsluit, sleutel verloor, iets wat oopgesluit moet word, 'n skat, ens.
Figuurlike interpretasie: Sleutels tot die toekoms, geleerdheid, kanse, geheime, ens.
 - **Beskrywende opstel:** Hier kan die leerder sleutels beskryf.
Letterlike interpretasie: Sleutels wat slotte oopsluit, sleutel verloor, iets wat oopgesluit moet word, 'n skat, ens.
Figuurlike interpretasie: Sleutels tot die toekoms, geleerdheid, kanse, geheime, ens.
 - **Bespiegelende opstel:** Hier kan die leerder bv. oor die kwessie van sleutels in 'n mens se lewe bespiegel. Die leerder sal die kwessie oorweeg/deurdink.
Letterlike interpretasie: Sleutels wat slotte oopsluit, sleutel verloor, iets wat oopgesluit moet word, 'n skat, ens.
Figuurlike interpretasie: Sleutels tot die toekoms, geleerdheid, kanse, geheime, ens.
 - **Beredeneerde opstel:** Hier kan die leerder bv. in 'n gebalanseerde opstel redeneer oor enige aspek in verband met sleutels. Hier sal leerders moontlik eerder oor die figuurlike interpretasie skryf, bv. Is 'n matrieksertifikaat werklik 'n sleutel tot my toekoms?
Letterlike interpretasie: Sleutels wat slotte oopsluit, sleutel verloor, iets wat oopgesluit moet word, 'n skat, ens.
Figuurlike interpretasie: Sleutels tot die toekoms, geleerdheid, kanse, geheime, ens.
 - **Argumenterende opstel:** Hier neem die leerders van die begin af standpunt in bv. waarom sleutels 'n noodsaaklikheid/n probleem is, ens.
Letterlike interpretasie: Sleutels wat slotte oopsluit, sleutel verloor, iets wat oopgesluit moet word, 'n skat, ens.
Figuurlike interpretasie: Sleutels tot die toekoms, geleerdheid, kanse, geheime, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

[50]

1.6.3 Prentjie: Renoster(s)

- Die leerder kan enige soort opstel aanbied:
 - **Verhalende opstel:** Hier kan die leerder bv. op 'n interessante wyse van 'n spesifieke renoster-insident in sy/haar lewe vertel. Die verhaal mag ook die prent figuurlik interpreteer.
Letterlike interpretasie: Renosters se waarde, renosterstropery, die beskerming van renosters, ens.
Figuurlike interpretasie: Iemand wat soos 'n renoster optree, renostermaniere, ens.
 - **Beskrywende opstel:** Hier kan die leerder bv. op 'n lewendige wyse renosters beskryf.
Letterlike interpretasie: Renosters se waarde, renosterstropery, die beskerming van renosters, ens.
Figuurlike interpretasie: Iemand wat soos 'n renoster optree, renostermaniere, ens.

- **Bespiegelende opstel:** Hier kan die leerder bv. oor die kwessie van renosters se waarde/orlewing/stroping bespiegel. Die leerder sal die kwessie oorweeg/deurdink.
Letterlike interpretasie: Renosters se waarde, renosterstropery, die beskerming van renosters, ens.
Figuurlike interpretasie: Iemand wat soos 'n renoster optree, renostermaniere, mense as 'n bedreigde spesie, ens.
- **Beredeneerde opstel:** Hier kan die leerder bv. in 'n gebalanseerde opstel redeneer oor enige aspek in verband met renosters, bv. word renosters bewaar/in gevaar gestel, word genoeg gedoen om renosters te beveilig, ens.?
Letterlike interpretasie: Renosters se waarde, renosterstropery, die beskerming van renosters, ens.
Figuurlike interpretasie: Iemand wat soos 'n renoster optree, renostermaniere, ens.
- **Argumenterende opstel:** Hier neem die leerders van die begin af standpunt in bv. renosterstropery moet gekeer word, ens.
Letterlike interpretasie: Renosters se waarde, renosterstropery, die beskerming van renosters, ens.
Figuurlike interpretasie: Iemand wat soos 'n renoster optree, renostermaniere, mense as 'n bedreigde spesie, ens.
- **Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.**

[50]**TOTAAL AFDELING A: 50**

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**2.1 BRIEF AAN DIE PERS****FOKUS**

Die leerder skryf 'n **formele brief** aan die redakteur van die tydskrif, *Waterwys*, waarin hy/sy sy/haar opinie gee oor die kwessie van waterbesparing na aanleiding van Vissie se brief wat in die tydskrif verskyn het.

KENMERKE

- Die formele brief word aan die redakteur van die tydskrif, *Waterwys*, gerig, n.a.v. die brief wat gepubliseer is.
- Die taal en styl van die brief is formeel/saaklik.
- Die inleidingsparagraaf stel die leerder se mening/standpunt duidelik.
- Die liggaam brei uit op sy/haar mening en gee moontlike oplossings indien nodig.
- Die toon en woordkeuse is hoflik, maar selfgeldend.

FORMAAT

Die formaat van die brief moet korrek wees.

Leestekens

- Geen leestekens word in die adres, aanhef of slot gebruik nie.

Die adres en datum

- Die adres van die brieffskrywer mag regs boaan in blokvorm geskryf word. Dit kan ook links onderaan die brief na die brieffskrywer se naam geskryf word. 'n Reël word oopgelaat tussen die naam en die adres.
- Daar behoort nie 'n reël tussen die poskode en die datum oopgelaat te word nie.

Toegewing: 'n Reël kan tussen die poskode en datum oopgelaat word.

- Die datum word voluit geskryf: 15 November 2016.
- 'n Reël word tussen die adres van die sender en ontvanger oopgelaat.
- Die redakteur se adres word links teen die kantlyn in blok vorm geskryf.

Die aanhef, afsluiting en slot

- Die aanhef word teen die linkerkantlyn geskryf en is formeel.
- Die redakteur word as "Geagte ..." / "Meneer" / "Mevrou" aangespeek.
- 'n Opskrif wat die essensie/doel van die brief weergee, volg en word onderstreep. Indien die essensie van die brief in hoofletters geskryf word, word dit nie onderstreep nie.
- "Die uwe" en die brieffskrywer se handtekening/naam vorm die slot.
- Die brieffskrywer se voorletters en van kan onder uitgeskryf word.
- Wanneer 'n skuilnaam gebruik word, word dit eerste aangebring en dan die sender se regte naam en handtekening. 'n Streep word dan onder die skuilnaam getrek.
- 'n Reël word nie tussen "Die uwe" en die naam/handtekening oopgelaat nie.

Die paragrawe

- 'n Reël word na elke paragraaf oopgelaat.
- Die inleidingsparagraaf stel die rede vir die brief duidelik en dui aan op watter brief gereageer word.
- Die liggaam van die brief brei uit op die rede vir die brief. Die briefskrywer gee sy/haar opinie oor waterbesparing.
- Die slotparagraaf moet die brief saamvat en treffend wees.

Let op die verskillende wyses hieronder waarop die adres geskryf kan word.

Voorbeelde van die briefskrywer se adres:

Kerkstraat 1	Posbus 88	Huis 342	Plot 588
Uitbreiding/Voorstad	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam
Pleknaam	Kode	Kode	Kode
Kode			
Rusthof	Sewende laan 10 of Sewende Laan 10		
Pleknaam	Westdene		
Kode	Kode		

Let op die volgende: **Kerkstraat** is altyd een woord omdat dit 'n samestelling van TWEE soortname is. **Arcadia Straat** is 'n samestelling tussen 'n eienaam en 'n soortnaam en daarom kan dit soos volg geskryf word: Arcadiastraat, Arcadia Straat, Arcadia straat, Arcadia-straat, Arcadia-Straat. (AWS, 2009 bl. 121)

Geen Engels behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word aanvaar nie.

[30]

2.2 **HULDEBLIK OOR SPORTAFRIGTER****FOKUS**

Die leerder skryf 'n **huldeblik** oor 'n sportafrieter.

KENMERKE

- Die huldeblik handel oor die oorledene wat 'n belangrike rol in die leerder se lewe gespeel het.
- Die volgende besonderhede van die oorledene kan gegee word: naam en van, ouderdom, datum van afsterwe, oorsaak van dood, prestasies of hoogtepunte van die afrieter se lewe, staaltjies oor die oorledene, die rol wat die oorledene in die leerder se lewe gespeel het.
- Die doel van die huldeblik is om die afrieter se lewe te vereer en om die betekenisvolle bydrae wat hy/sy gelewer het, uit te lig.
- Die gehoor moet 'n geheelbeeld van die afrieter kry.
- Die familie word ook vertroos. Hierdie gedeelte word in die teenwoordige/toekomstige tyd geskryf.

- Die huldeblyk word in die verlede tyd geskryf wanneer daar na die afrigter verwys word.
- Die toon, styl en woordkeuse is formeel, versagend, liefdevol, vertroostend, bemoedigend en taktvol van aard.
- Kultuurkontekste moet in ag geneem word.

FORMAAT

- **Opskrif**
Die huldeblyk moet 'n opskrif hê.
Die huldeblyk mag 'n subopskrif insluit.
- **Inleidende paragraaf**
Die huldeblyk word met die groet ingelei en die aanwesiges se aandag word vasgevang. Die inleiding moet oor die verering van die afrigter se lewe gaan. Die inleidende sin is baie belangrik.
- **Paragraaf 2 en verder**
Die huldeblyk sluit verskillende hoogtepunte in wat persoonlike gebeure en staaltjies van die afrigter se lewe bevat. Dit word in verskillende daaropvolgende paragrawe bespreek. Elke paragraaf handel (verkieslik) oor 'n nuwe feit/gedagte.

- **Slotparagraaf**
In die slot kan die spreker ook vir die familie/leerders/kollegas sterkte toewens.

[30]

2.3 KOERANTBERIG

FOKUS

In hierdie **skoolkoerantberig** fokus die skrywer op die ongelukkigheid oor die skool se verlengde ure.

KENMERKE

- Die opskrif vat die onderwerp saam.
- Feite of inligting moet feitelik korrek weergegee word in 'n koerantberig. Die inhoud/inligting is dus logies/duidelik uiteengesit en betroubaar.
- Feite kan opspraakwekkend wees.
- Die berig word in die bedrywende vorm geskryf en die woorde/taal moet eenvoudig/maklik verstaanbaar en interessant wees. Die teikengroep moet dus in gedagte gehou word.
- Die styl is gemaklik, maar moenie te informeel wees nie.

FORMAAT

- Die titel/opskrif is kort en treffend en pas by die onderwerp.
- Die omgekeerde piramide-metode word gebruik, m.a.w. die belangrikste feite word in die eerste paragraaf gegee: Wie, wat, waar, wanneer, waarom?
- Die koerantberig kan in paragrawe of in kolomme aangebied word.
- Die wie, wat, waar, wanneer en waarom word in die volgende paragrawe uitgebrei.
- Die slot vat die berig saam.

[30]2.4 **DIALOOG****FOKUS**

Die leerder skryf die gesprek tussen hom/haar en sy/haar kêrel/meisie in dialoogvorm. Die leerder en sy/haar kêrel/meisie stry omdat die kêrel/meisie afgeskeep voel omdat die leerder te veel tyd aan sy/haar studies bestee.

KENMERKE

- Die dialoog handel oor die gesprek tussen die leerder en sy/haar kêrel/meisie.
- Elke spreekbeurt dra by tot die tema van die dialoog.
- Die aanspreekvorm, taal en styl is informeel.
- Die spreekbeurte volg op mekaar om 'n aaneenlopende gesprek te vorm.
- Toon, styl en woordkeuse is hoflik, maar selfgeldend.

FORMAAT

- Leerders mag 'n konteks skets voordat die dialoog geskryf word.
- Die sprekers (leerder en meisie/ou) word netjies onder mekaar teenaan die linkerkantlyn aangedui.
- Die naam van die leerder kan met "Ek" vervang word.
- Na elke naam is 'n dubbelpunt.
- Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
- Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop.
- Die spreekbeurt is in blokvorm.
- Ekstra inligting word tussen hakies voor die spreker se woorde geskryf of waar dit toepaslik is.

[30]

LET WEL: Alle woorde in die inhoud behalwe die name van die sprekers word getel.

ONTLEDING VAN LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die leerder verwag word. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 3****3.1 PLAKKAAT****FOKUS**

Die leerder ontwerp 'n **plakkaat** waarin tieners ingelig word oor hoe hulle meer oefening kan kry.

KENMERKE

- Hierdie plakkaat adverteer goeie oefengewoontes.
- Die plakkaat teiken tieners by die skool.
- Die plakkaat moet die nodige inligting verskaf. Die vrae hoe?, wat?, hoekom? moet beantwoord kan word.
- Hierdie plakkaat berus op die sogenaamde ABBA-beginsel:
 - Die plakkaat moet 'n leser se **aandag** trek deur verskillende lettertipes en lettergroottes te hê.
 - Die leser se **belangstelling** moet gewek word deur middel van interessante inhoud/uitleg/visuele aspekte/gevoelstaal.
 - Hierdie plakkaat moet 'n **begeerte** by die leser aanspreek, bv. om meer oefening te kry.
 - As die plakkaat in sy doel slaag, sal die leser tot **aksie** oorgaan deur meer oefening te doen.
- Toon, styl en woordkeuse moet die tieners oorreed om 'n oefenprogram te volg.

FORMAAT

- Die volgende inligting behoort op die plakkaat te verskyn:
 - Hoekom moet tieners oefening kry?
 - Hoe kan tieners meer oefen?
 - Hoe kan tieners by meer oefening baat?

[20]**3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS****FOKUS**

Die leerder maak TWEE **dagboekinskrywings** om uiting te gee aan sy/haar emosies oor die aaklige dag in sy/haar lewe en die volgende dag toe dit beter gegaan het.

KENMERKE

- Die dagboek is 'n informele skryfstuk wat spreek van die leerder se emosies oor die aaklige dag en die volgende dag toe dit beter gegaan het.
- Gevoelens/ervarings wat beleef word, word beskryf.
- Die dagboekinskrywings word in die eerste persoon geskryf.
- Plekke, familie en vriende word op die naam genoem.
- Toon, styl en woordkeuse moet die inhoud ondersteun.

FORMAAT

- Elke dagboekinskrywing moet die dag en/of datum hê wat boaan geskryf word.
- Die leerder moet TWEE dagboekinskrywings maak.
- Die leerder hoef nie met "Liewe Dagboek" te begin nie.
- Die uiteensetting van elke inskrywing mag in paragraafvorm wees.

LET WEL:

- Getal woorde:
In die dagboekinskrywings word slegs die getal woorde in die inhoud getel.

[20]

3.3

INSTRUKSIES**FOKUS**

Die leerder skryf **instruksies** neer oor hoe om 'n maat te help wat sy/haar vinger met 'n mes gesny het.

KENMERKE

- Die instruksies moet maklik verstaanbaar uiteengesit word.
- Die instruksies is bedoel om te verduidelik hoe om 'n snywond te behandel.
- Toon, styl en woordkeuse moet by die instruksies pas.

FORMAAT

- Die uiteensetting kan soos volg aangebied word:
 - Puntsgewys:
 - Reëls tussen-in oopgelaat
 - Ander aanduiders soos koeëlpunte
 - Paragraafvorm
- Die skryfstuk kan 'n opskrif hê, bv. Hoe om 'n snywond te behandel.
- Die instruksies moet in volsinne aangebied word. Die sinne kan met werkwoorde begin.

[20]

ONTLEDING VAN KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE

Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die leerder verwag word. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

TOTAAL AFDELING C: 20

LET WEL:

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A).
- Punte van 0–50 is in VYF hoofvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywings in 'n hoë- en laevlaksubkategorie verdeel, met die toepaslike verspreiding van punte en die omskrywings.
- Struktuur word nie deur die verdeling in 'n hoë en lae vlak beïnvloed nie.

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL (AFDELING A) – EERSTE ADDISIONELE TAAI [50 PUNTE]

Kriteria		Uitsonderlik 28–30	Knap 22–24	Gemiddeld 16–18	Elementêr 10–12	Onvoldoende 4–6
INHOUD EN BEPLANNING (Respons en idees) Organisering van idees vir beplanning; Bewustheid van doel, gehoor en konteks 30 PUNTE	Hoë vlak	-Respons is uitsonderlik/treffend en bo verwagting -Idee is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke -Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons baie goed; getuig van vaardigheid -Idee heeltemal relevant, baie interessant en lewer bewys van volwassenheid -Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons bevredigend -Idee redelik samehangend en oortuigend -Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Wisselvallige samehang in respons -Idee onduidelik, nie oorspronklik nie -Min bewys van organisasie en samehang	-Respons heeltemal irrelevant -Idee deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie -Vaag en herhalend -Geen organisasie nie en is onsamehangend
	Lae vlak	-Respons uitmuntend, maar uitsonderlik treffende eienskappe van 'n opstel ontbreek -Idee intelligent en volwasse -Knap organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons goed; getuig van vaardigheid -Idee relevant, interessant -Organisasie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons bevredigend, maar verval soms in onduidelikheid -Idee redelik samehangend en oortuigend -'n Mate van organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons is grootliks irrelevant. -Idee begin los staan en kan verwarrend wees -Skaars 'n bewys van organisasie en samehang	-Geen poging aangewend om in ooreenstemming met onderwerp te wees nie -Heeltemal irrelevant en ontoepaslik -Deurmekaar en geen fokus nie

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL (AFDELING A) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [50 PUNTE] (vervolg)

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
TAAL, STYL EN REDIGERING Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks; Woordkeuse; Taalgebruik en konvensies, punktuasie, grammatika, spelling	Hoë vlak	14–15 -Toon, register, styl en woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik getuig van vertroue, indrukwekkend -Grammatika en spelling feitlik foutvry -Knap gedaan	11–12 -Toon, styl, register en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik effektief -Grammatika en spelling grootliks foutvry -Baie goed gedaan	8–9 -Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel, gehoor en konteks -Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra -Retoriese middele gebruik om betekenis te versterk	5–6 -Toon, register, styl en woordeskat nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie -Taalgebruik baie basies -Woordkeuse skaars toepaslik -Baie beperkte woordeskat	0–3 -Toon, register, styl en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks -Taal onverstaanbaar -Woordeskat so beperk dat dit onmoontlik is om sin te maak
		15 PUNTE	13 -Toon, register, styl en woordeskat is effektief -Taalgebruik uitstekend -Grammatika en spelling feitlik foutvry -Baie goed tot knap gedaan	10 -Toon gepas en effektief -Taalgebruik toepaslik en oor die algemeen effektief -Enkele foute in grammatika en spelling -Goed gedaan	7 -Toon oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriese middele -Voldoende taalgebruik, maar teenstrydighede word opgemerk	
STRUKTUUR Kenmerke van teks; Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie		5 -Uitstekende ontwikkeling van onderwerp -Uitsonderlike detail -Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstrueer	4 -Logiese ontwikkeling van relevante detail -Samehangend -Sinne en paragrawe logies en toon variasie	3 -Relevante detail ontwikkel -Sinne en paragrawe goed gekonstrueer -Opstel maak nog sin	2 -Sommige detail relevant -Sommige sinne en paragrawe foutief gekonstrueer -Opstel maak nog effens sin	0–1 -Noodsaaklike detail ontbreek -Sinne en paragrawe foutief gekonstrueer -Opstel maak nie meer sin nie
		5 PUNTE				
VERSPREIDING VAN PUNTE		43–50	33–40	23–30	13–20	0–10

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE (AFDELING B) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [30 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT Respons en idees; Organisering van idees vir beplanning; Doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks 18 PUNTE	15–18 -Respons uitsonderlik, bo verwagting -Idee intelligent en volwasse -Grondige kennis van kenmerke van die soort teks -Skryfwerk behou fokus -Samehang in inhoud en idees -Idee behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste en akkurate formaat	11–14 -Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks -Behou fokus – geen afwyking nie -Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste formaat met onbeduidende foute	8–10 -Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks -Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings -Redelike samehang in inhoud en idees -Sommige detail ondersteun die onderwerp -Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute	5–7 -Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks -Aanduiding van fokus, maar met afwykings -Inhoud en idees nie altyd samehangend nie -Min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas -Kritiese foute begaan	0–4 -Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie -Betekenis onduidelik met groot afwyking -Geen samehang in idees en inhoud nie -Baie min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat nie toegepas nie
TAAL, STYL EN REDIGERING Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks; Taalgebruik en konvensies; Woordkeuse; Punktuasie en spelling 12 PUNTE	10–12 -Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer -Feitlik foutloos	8–9 -Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer -Baie goeie woordeskat -Oorwegend foutloos	6–7 -Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks -Enkele grammatikafoute -Voldoende woordeskat -Foute belemmer nie betekenis nie	4–5 -Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika onakkuraat met etlike foute -Basiese woordeskat -Betekenis belemmer	0–3 -Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie -Besaa met foute en verward -Woordeskat nie geskik vir doel nie -Betekenis ernstig belemmer
VERSPREIDING VAN PUNTE	25–30	19–23	14–17	9–12	0–7

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE (AFDELING C) – EERSTE ADDISIONELE TAAL
[20 PUNTE]**

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT Respons en idees; Organisering van idees; Kenmerke/konvensies en konteks 12 PUNTE	10–12 -Respons uitsonderlik, bo verwagting -Idee intelligent en volwasse -Grondige kennis van kenmerke van die soort teks -Skryfwerk behou fokus -Samehang in inhoud en idees -Idee behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste en akkurate formaat	8–9 -Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks -Behou fokus – geen afwyking nie -Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste formaat met onbeduidende foute.	6–7 -Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks -Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings -Redelike samehang in inhoud en idees -Sommige detail ondersteun die onderwerp -Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute	4–5 -Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks -Aanduiding van fokus, maar met afwykings -Inhoud en idees nie altyd samehangend nie -Min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas -Kritiese foute begaan	0–3 -Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie -Betekenis onduidelik met groot afwyking -Geen samehang in idees en inhoud nie -Baie min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat nie toegepas nie
TAAL, STYL EN REDIGERING Toon, register, styl, woordeskat geskik vir doel en konteks; Taalgebruik en konvensies Woordkeuse; Punktuasie en spelling 8 PUNTE	7–8 -Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer -Feitlik foutloos	5–6 -Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer -Baie goeie woordeskat -Oorwegend foutloos	4 -Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks -Enkele grammatikafoute -Voldoende woordeskat -Foute belemmer nie betekenis nie	3 -Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika onakkuraat met etlike foute -Basiese woordeskat -Betekenis belemmer	0–2 -Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie -Besaa met foute en verward -Woordeskat nie geskik vir doel nie -Betekenis ernstig belemmer
VERSPREIDING VAN PUNTE	17–20	13–15	10–11	7–8	0–5